hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

12 April 2023

# AANSTELLING AS DEKAAN VAN DIE SKOOL VIR TEOLOGIE EN BEDIENING

Hugenote Kollege maak met trots bekend dat dr. Annette Potgieter aangestel is as die nuwe dekaan van die Skool vir Teologie en Bediening. Dr. Annette Potgieter is sedert 2020 deel van die Hugenote Kollege-familie en het ook 'n groot rol gespeel in die vestiging van die aanlyn BTh-graadprogram.

Sy is 'n uitgelese navorser wat al 3 boeke gepubliseer het. Sy het ook verskeie hoofstukke in akademiese boeke en wetenskaplike joernale gelewer. Annette het in 2019 haar Doktorsgraad in Nuwe Testament (cum laude) by Humboldt Universität in Berlyn verwerf. Die boek gebaseer op haar tesis "Contested Body: Metaphors of dominion" is gratis op AOSIS se webwerf beskikbaar. Sy het ook die volgende grade aan die Universiteit van Pretoria verwerf: MTh Nuwe Testament (cum laude); MA Antieke tale en kulture (cum laude); MDiv (cum laude); BA (Hons) Antieke tale en kulture (cum laude) en BTh (cum laude). Sy stel veral belang in die vroeë Christendom en hoe vroeë Christene hul geloof uitgeleef het. Dit vind neerslag in haar navorsing wat hoofsaaklik met metafoor teorie en "critical space theory" werk in Pauliniese literatuur.

Sy het die leiding geneem met die aanbied van verskeie konferensies en het ook daarin geslaag om interdissiplinêre samewerking tussen teologie en maatskaplike werk te stimuleer met konferensies soos "Rethinking resilience: Reflections on teaching, learning and health in a time of Covid-19".

Posbus 16, Wellington, 7654 • Tel: 021 873 1181 • Faks: 021 873 2377 • info@hugenote.com • www.hugenote.com
NPC Reg. Nr: 2009/014622/08 • PBO 930 039 159

Dr Potgieter het verskeie pryse al gewen. As student het sy die Vise-kanseliersmedalje gewen vir die beste voorgraadse student. Sy het ook die Desmond Tutu-Gerrit Brand prys ontvang vir die beste teologie debuutboek vir haar breinbaba *Jong teoloë praat saam…oor God, gemeentes en geloof*.

Hugenote Kollege sien uit na die bydrae wat een van ons land se dinamiese jong teoloë kan maak en is oortuig dat sy haar baanbrekerswerk in aanlyn onderrig kan voortsit en uitbrei.

Sy aanvaar haar nuwe pos op 1 Sep. 2023.

---

PERSVERKLARING DEUR DIE KANTOOR VAN DIE REKTOR VAN HUGENOTE KOLLEGE, PROF. NELUS NIEMANDT.

Rig navrae aan me. Hesmarie Bosman Tel. 0218731181. Epos - bestuur@hugenote.com


CASSO